

Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

# CHIPS

VOL 36 NO 4 • JULY / AUGUST 2022



**SUIDWES-VRYSTAATSE KULTIVARPROEF  
ONDER BESPROEIING  
OP PETRUSBURG IN 2021**

**CULTIVATING QUALITY:  
TOP TEN SEED POTATO GROWERS  
AWARDED FOR EXCELLENCE**

Beheer van virussiektes:  
Makliker gesê as gedaan

PSA expands small farmer  
development projects

Rising input costs:  
Farm profitability faces perfect storm

# Cultivating quality: Top ten seed potato growers awarded for excellence

By Sanette Thiart, managing director, Potato Certification Service

**T**he Potato Certification Service's (PCS) mission is to be an industry-related service which supports the South African potato industry to perform optimally, by ensuring the availability of high-quality planting material.

However, the main role-players who make such planting material available are the seed potato growers themselves. PCS inspects, samples and certifies the seed potato plantings and seed lots presented, to verify and certify that the seed potatoes indeed qualify as good quality planting material. It is therefore a pleasure to

award excellence by announcing the top ten seed potato growers of 2022. In the three-year term, which was used for listing the growers according to certification inspections and results, 48 growers planted a minimum of 30 ha per year for three consecutive years, thereby qualifying for the Bayer Potato Seed Grower of the Year Award.

The growers who are among the top ten this year registered an average of 158 ha annually, with the smallest grower registering 43 ha on average. Among these producers, three are from KwaZulu-Natal, one from Limpopo, one from the Northern Cape, one from Mpumalanga, three from North West

and one from the Western Free State. They are listed in alphabetical order as per grower code.

Die top tien moerkwers is gevra om kortlik 'n oorsig te gee van waar hul boerderye begin het en hoe dit uitgebrei het, om die belangrikste aspek van moerproduksie waarop gefokus word uit te lig, en ook uit te brei oor die voordele van die Suid-Afrikaanse Aartappelmoer-sertifiseringskema (Skema) en die rol van die sertifiseringspersoneel. Verder kon hulle uitbrei oor praktyke wat tot hulle sukses bydra, wat hulle as moerkwers motiveer, en watter raad hulle aan jong opkomende boere kan gee.

## B 054, Sirkel-N-Landgoed, Limpopo, Rudi Heinlein

Sirkel-N-Landgoed bestaan al sedert 1976. Nick O'Neill het 'n derde van die plaas Zoutpan by sy skoonpa se sussie gekoop en in daardie stadium net oor naweke geboer, aangesien hy deur die week elders werksaam was. Hy het in daardie jare grondbone en katoen, alles droëland, geplant.

Die besigheid het toe Sirkel-N-Boerdery geheet. O'Neill en sy gesin het hulle in 1980 permanent in die Bosveld gevestig. Nog grond is aangekoop en hy het met tamaties en beeste geboer. Hy was die eerste persoon wat sitrusbome in die Bosveld aangeplant het, en dit vorm steeds 'n groot deel van Sirkel-N-Landgoed se bedrywighede. O'Neill is egter in 1997 op 55-jarige ouderdom oorlede, waarna 'n maatskappy gestig is – vandaar Sirkel-N-Landgoed.

Die boerdery het sedertdien baie uitgebrei en daar is ook nuwe boerderygewasse aangeplant, naamlik uie en 'n paar jaar later ook aartappels. In 2014 is begin met die produksie van

14 ha aartappelmoere. 'n Gedeelte van Sirkel-N is naby Baltimore in die Westelike Bosveld geleë, en die ander gedeelte langs die Limpopo-rivier aangrensend tot Botswana, naby die Groblersbrug-grenspos.

Dit is Sirkel-N-Landgoed se strewe om die beste gehalte aartappelmoere moontlik te produseer en om die koper te verseker van waarde vir sy geld. Die eerlikheid en integriteit van die sertifiseringsbeamptes van die Aartappel-sertifiseringsdiens (ASD) en die Skema, dra baie by tot konstante kwaliteitbeheer. Hul kennis en behulpsaamheid tydens land- en knolinspeksies is 'n aanwins vir elke moerkweker se sukses. Ons het 'n kernspan verkenners wat deeglike skoonmaakwerk ten opsigte van virusse en ander afwykende plante doen. Die verkoeling van die aartappelmoere op die plaas word streng en noukeurig gemonitor.

Wat 'n belewenis om keer op keer die hand van ons Vader jaarliks en daagliks in elke oes te beleef. Dit bly egter 'n uitdaging om gesonde en gehalte moere te kweek en bemark, te



Rudi Heinlein.

midde van toenemende peste en plae wat weerstand bied teen beskikbare landbou-chemiese middels.

Daar is verskeie faktore in die landbou-omgewing waaroor boere

geen beheer het nie. Faktore soos klimaatsverandering, droogte en regeringsbeleid het 'n invloed op elke boerdery se sukses. Ons glo dat 'n positiewe gesindheid tot groot sukses in enige besigheid lei.

Passie maak 'n verskil. Om vorentoe te beweeg is goeie beplanning en strategie baie belangrik. Daar word langter mynbeplanning gedoen, en dit is belangrik om die regte besluite te neem en risiko te bestuur.

Jong opkomende boere moet besef dat die sukses van 'n boerdery bepaal word deur harde werk, verantwoordelikheid en deursettingsvermoë.

'n Realiteit van Suid-Afrika is dat die regering nooit weer enige bystand aan boere sal verleen nie. Kweek die regte gesindheid, wees leergierig en weet waarheen die boerdery en jyself op pad is.

Streef na uitnemendheid en moenie negatief raak nie. Met 'n bevolking van sowat 70 miljoen mense wat gevoed moet word, is daar 'n groot mark in Suid-Afrika vir landbouprodukte.

### **Johandré Breitenbach, ASD-streksbestuurder: Mpumalanga, Limpopo en Gauteng**

Na my amper vier jaar as streeksbestuurder van die Noordelike streek het nog niks by Sirkel-N-Landgoed verander nie.

Oom Rudi Heinlein en sy span is staatmakers in die moerproduksiebedryf. Kwaliteit is vir hulle eerste prioriteit. Van opkoms tot by knolinspeksies word elke eenheid noukeurig gemonitor vir patogene en ander probleme.

Met oom Abrie van Schalkwyk wat voor vat by die aartappels, kan 'n mens weet daar word presies boek gehou van die aantal plante wat uitgehaal word gedurende die suiweringsproses. Wanneer dit kom by administrasie, is hulle uiterst deeglik.

Dit is 'n plesier om saam met oom Rudi en sy span te werk. Indien daar enigiets op 'n land waargeneem word, het hulle die vrymoedigheid om ASD te skakel en die probleem te bespreek en uit te sorteer. Hulle deure staan ook altyd oop om ander boere te help, of dit nou is hoe om beter te suiwer of om 'n koekamer beter te bestuur ... help sal hulle help.

Wat 'n aanwens is hulle nie vir die bedryf nie. Welgedaan oom Rudi en span. ASD sien uit om nog 'n lang pad saam met julle te stap.

### **B 059, Bloukop Graanmark, Mpumalanga, Schalk Willem du Toit**

Die Bloukop-groep is 'n familieboerdery wat in 1910 ontstaan het. Tans is die bestuur van die groep in die vierde geslag se hande. Bloukop is in die Morgenster-gebied in Mpumalanga geleë. Dit is 'n gemengde boerdery met verskeie vertakkings waarvan moerproduksie een is.

Moerproduksie is nog 'n relatiewe nuwe vertakking by Bloukop – ons het sopas die vyfde produksieseisoen voltooi. Ons fokus sedert dag een was om jaar na jaar 'n produk te lever wat 'n goeie reputasie aan ons naam sou koppel. Dit verg deurgaans perfeksionisme, van plant tot oes.

Moerproduksie benodig insette van verskeie rolspelers. Een daarvan is die sertifiseringspersoneel. Hulle betrokkenheid by ons produksie is van hoë waarde. Die geloofwaardigheid van 'n hoë gehalte aartappelmoer lê in die Skema en hul personeel se bekwame hande en deur die diens wat hulle verskaf aan elke moerkweker en die groter bedryf.

Bloukop se toegegewye personeel, waar elkeen eienaarskap van sy afdeling neem, maak 'n groot bydrae tot makliker en beter bestuur. Moerproduksie het talle fasette met verskeie uitdagings, en om dit alles te bemeester is ons motivering vir die toekoms.

Vir ons is die ekonomiese die grootste uitdaging in moerproduksie. Konstante stygende inset- en toerustingkoste is 'n bekommernis. Tweedens bied die onstabiele arbeidsektor ook 'n groot uitdaging.

Bloukop se visie vir die toekoms is om geleidelik sy moerproduksie-vertakking te groei, maar steeds gesonde, hoë gehalte moere waarop ons trots kan wees, aan die mark te lever. Vir jong opkomende boere in die bedryf is my raad om klein te begin. Verstaan wat jy doen voor jy te veel groei. Daar is nie kortpaaie in moerproduksie nie.

### **Michael Schulze, ASD-sertifiseringsbeampte**

Bloukop Graanmark is ongeveer 18 km vanaf Morgenster in Mpumalanga geleë. By aankoms op die plaas van Schalk Willem du Toit word jy altyd verwelkom met 'n glimlag en 'n paar grappe deur Roean Botha, die plaas-bestuurder.

Bloukop is 'n goed gediversifiseerde boerdery wat ook mielies, sojabone en graansorghum plant. Dit is duidelik dat hulle baie trots is op hul moerproduksie. Dit blyk uit hulle uitstekende beplanning en professionaliteit. Trots is orals sigbaar, vanaf die lande tot in die stoer waar die eindproduk gesertifiseer word. Hulle streef daarna om top gehalte



Schalk Willem du Toit.

aartappelmoere te lever – die fokus is op kwaliteit, nie kwantiteit nie.

Dit is altyd 'n plesier vir ons ASD-beamptes om dienste by Bloukop Graanmark te lever. Hulle gee fantastiese samewerking en sertifising is vir hul van kardinale belang. Hulle verdien hul plek onder die top tien moerkwekers. Baie geluk!

**GWK D 214, Landzicht Boerdery, Noordkaap, Jan Steenkamp**

My pa was 'n advokaat en het die plaas in 1971 gekoop toe ek vyf jaar oud was. Ek het elke Saterdag saam met hom plaas toe gery. Dit was waar my liefde vir die landbou ontwikkel het. Nadat ek my landboustudies en weermagopleiding voltooi het, het ek in 1990 plaas toe gekom.

Ons boerdery streef daarna om goeie gehalte aartappelmoere te lewer, wat 'n goeie houvermoë het en 'n lae tot geen virustelling het. Die Skema stel riglyne en standarde waaraan ons moet voldoen en die sertifiseringsbeampte is verantwoordelik om te verseker dat die standarde gehandhaaf word.

Hulle is ook behulpsaam om die boer by te staan om goeie gehalte aartappelmoere te kweek. Ek fokus op goeie wisselbou en probeer eers ná ses jaar by klei- en leemgrond, en ná tien jaar by sandgrond om weer aartappelmoere te plant.

Aartappelmoere se pryse is meer konstant as tafelpryse, waar die insetkoste van brandstof, kunsmis en chemiese middels baie wissel. Ek probeer altyd om positief te wees en probleme uitdagings te sien en met behulp van die Skepper op te los. Wees positief en gebruik die raad van ervare boere wat ondervinding het.

**Leon Zietsman, ASD-sertifiseringsbeampte**

Betrokkenheid en teenwoordigheid tydens die sertifiseringsproses is definitief van die groot redes waarom Landzicht Boerdery so goed in die aartappelmoerbedryf presteer. Tydens landinspeksies, monsterneming asook knolinspeksies, word die sertifiseringsbeampte se raad altyd na die tyd oor 'n kopkie koffie versoek, sodat die boerdery se aartappelkwaliteit kan verbeter.

Jan Steenkamp het baie kennis en ervaring van die aartappelmoerbedryf,



*Jan Steenkamp.*

maar dit keer hom nie om aan te hou leer en navraag te doen nie. Hy pluk duidelik die vrugte van sy toewyding en verdien om onder die top tien moerkwekers van die jaar te wees.

**L 002, Firna (Edms.) Bpk., Noordwes, Michiel, Frans en Francois Engelbrecht**

Op 16 September 1988 het ons met beeste begin boer. In 1990 het ons die eerste 1 ha tafelaartappels met goeie koppelpype geplant. In 1995 het ons moere vir Wes-Kaap Aartappelsaad begin plant en daarna vir Crous Broers by Kroonstad. Vanaf 2004 is begin met 'n 1 ha moeraanplanting vir Wesgrow.

Grondvoorbereiding vanaf plant moet voluit gedoen word en die op-tyd toediening van die chemiese en kunsmisprogram asook suiwering, is onontbeerlik. Om 'n sertifiserings-etiket

aan die sakkie te sit is seker die grootste waardetoeveling tot 'n moerkweker se produk. Die sertifiseringspersoneel is dus 'n integrale deel van ons sukses.

As jy suksesvol wil wees, moet jy goeie menseverhoudings handhaaf en 'n dringendheid in jou hê om dinge dadelik af te handel en nie uit te stel nie. Ons strewe is om elke jaar beter te wees as die vorige jaar. Die grootste uitdaging is om alles virusvry te produser en, daarvan mee saam, om die somme te laat klop.

Firna (Edms.) Bpk. – Frans, Michiel en Francois Engelbrecht – wil graag

rentmeesters wees vir die volgende geslag en 'n beter boerderybesigheid nalaat. Ons raad aan jong opkomende boere is om klein te begin totdat jy agter die kap van die byl kom, en dan eers uit te brei. Sonder 'n positiewe ingesteldheid en geloof gaan jy sukkel.

**Pieter Leibbrandt, ASD-sertifiseringsbeampte**

Hoewel hierdie boerdery in 'n gebied is waar beesboerdery veronderstel is om die hoofvertakking te wees, staan moerproduksie hier op Sonop glad nie in die beeste se skaduwee nie. Aartappelmoerproduksie kry al die aandag en fokus wat dit verdien.

Met 'n groep mense wat die erns van hul rol verstaan, vanaf suiweringsspanne, spuit-operateurs en die onderhouddspan, tot by die vurkhyseroperator wat die produk finaal uitlaai en almal tussenin, is dit vir ons duidelik waarom hierdie kweker onder die top tien moerkwekers van 2022 is. Met alle ander daagliks uitdagings word sertifisering steeds gesien as deel van die daagliks roetine, en maak dit ons samenwerkings en die sertifiseringsproses soveel makliker.



*Michiel, Frans en Francois Engelbrecht.*

## L 026, Carbrecht (Pty) Ltd, North West, Rob Carrol

Carbrecht began as a partnership between Carroll Farming and Firna, and has since expanded to become a consistent supplier of quality seed potatoes. This required great dedication, hard work, discipline, determination and a positive attitude from everyone involved.

The most important aspect of seed potato production is the health of the seed, particularly in terms of virus management. This process includes everything from biosecurity and disease control to soil management, stretching from the day the soil is first prepared to the day that the last volunteer potato is removed.

Producing seed potatoes under the Scheme is very important, as the Scheme is recognised as being world-class and gives credibility to the entire seed production process. It also sets the standard and creates a framework to guide seed potato production.

Part of our success is attributed to the fact that all the stakeholders in our business are good, capable people, often with high levels of skill and expertise. As a seed potato grower, I am

motivated by the fact that I am a patriot and love South Africa. What we do is important and has an impact on food security and job creation, which stretches well beyond the gates of our farm.

The greatest challenges we experience in seed potato production today are rising production costs, including fuel, electricity, fertiliser and labour. Poor national infrastructure, such as roads and power supply, is also a major issue. But despite all the challenges, we will continue to challenge ourselves to be better, while producing top-quality seed. My advice to young emerging farmers is to never assume that you know all the answers.

I would like to thank PCS for their service. They are well run and put a lot of time, effort and resources into making this certification scheme a world-class one that is current, relevant, transparent and serves the industry as a whole.

### Pieter Leibbrandt, ASD-sertifiserings-beampte

As daar gelet word op hoeveel hierdie moerkweker se moerproduksievertakking in sy bestaande boerdery die afgelope tien jaar gegroeи het, kan jy nie anders nie as om te besef dat hier baie



Rob Carrol.

fokus en tyd aan die taak op hande bestee word. Vanuit 'n sertifiserings-oogpunt is geen versoek of navraag ooit te veel moeite of 'n probleem vir hierdie kweker nie. Omdat aartappelmoerproduksie hier 'n prioriteit is, maak dit ASD se werk net soveel makliker as die kweker reeds weet wat verwag word en wat sy verantwoordelikhede is.

## L032, VTV Bemarking (Edms.) Bpk., Noordwes, Niekie Fourie

VTV Bemarking (Edms.) Bpk. is gestig deur my pa, Schalk Fourie. Die liefde vir aartappels en die kweek van moere het 40 jaar gelede by hom ontstaan en ek het 20 jaar gelede amptelik by die boerdery aangesluit.

Hoewel ons hoofsaaklik in die Christiana-omgewing boer, vermeerder ons ons eie aartappelmoere in die Setlagole-gebied. Omdat daar min ander aartappelboere in Setlagole is, produseer ons moere van uitstaande gehalte wat virusvry is.

Wat verder tot ons sukses bydra, is die ondersteunende rolspelers in die aartappelbedryf. Goeie verhoudings met ons verskaffers is onmisbaar en hulle kundige insette word slaafs nagevolg. Omdat die aartappelbedryf so 'n mededingende bedryf is, betaal dit ons om self aartappelmoere van hoë gehalte te kweek. Dit bevorder dus nie net ons eie boerdery nie, maar ons

kan 'n bydraende rol speel om gehalteprodukte aan die bedryf te verskaf.

Hierdie bedryf is nie net kompetend nie, maar ook uitdagend as gevolg van hoë arbeidskoste, Eskom se onvoorspelbaarheid, kunsmisprys en die groot behoefte aan gewasbeskerming. Hierdie redes dien as ons motivering om gehalte moere te bly kweek.

### Pieter Leibbrandt, ASD-sertifiserings-beampte

Met meer as 30 jaar en twee geslagte se ondervinding en moerproduksie-agtergrond in twee verskillende produksiegebiede, is dit vanselfsprekend dat aartappelmoerproduksie 'n belangrike vertakking in dié boerdery is.

Wat die sertifising van hul aartappelmoere betref, is hierdie kweker en sy personeel deeglik bewus van wat verwag word en maak hulle eenvoudige siening van, "As iets verkeerd is, is dit verkeerd en niks



Niekie Fourie.

anders nie!", samewerking met ASD baie maklik en moeitevry.



### N047, Mighty Mzambane, KwaZulu-Natal, Mike Green

We are humbled and honoured to be among the top ten seed growers this year. The challenge is to be consistent each year. Mighty Mzambane started with 3 ha in 2005 and then partnered with Wesgrow in 2008 to grow Mondial seed potatoes on contract.

We are grateful for Wesgrow's commitment, and this has allowed us to focus on farming without having to do the marketing. We try and apply the principle of 'less is more' by growing only one variety and planting predominately Generation 2 seed potatoes each year. This allows us to start with a clean slate every year, only having to fix small problems.

Over the years, we have developed a competent workforce with members who are very capable of proactive management. The PCS has helped us to develop acceptable guidelines for good quality seed and I believe we are producing better seed today than we did ten years ago.

What motivates me is happy customers – to produce a product that

is plant-ready on time and yields good results for commercial growers.

I am positive about the future of seed production but I do feel there needs to be a more integrated approach in trying to resolve problems in the industry. Research is very important, but farmers must not be scared to do small experiments on their farms in order to find solutions.

My advice to young farmers is to grow slowly and not be scared of asking for advice. Mistakes are costly and can put an end to a new dream.

### Ferdus Erasmus, PCS regional manager, Pietermaritzburg

Mike Green grew up on a farm in Estcourt, which explains his passion for farming. Before starting to farm, he worked at the PCS as a certification official for five years. From there he worked for a farmer in the Kamberg Valley where he helped to start the seed potato ventures and was able to apply the knowledge gained from PCS. In 2005 he started small with 3 ha of seed potatoes, a little bit more the next season, and so forth.



Mike Green.

Mike's character is what makes him so successful. He learns from his mistakes and the following season all mistakes are corrected and they are ready to face new challenges. Seed quality is very important to Mike, and he found that different planting times along with staggered planting is how he can manage soil-borne diseases and overall quality. An experienced rogue team and a good volunteer programme keep his virus pressure low. A well-deserved top ten spot!

### N 058, Pidelta (Pty) Ltd, KwaZulu-Natal, Dean Brown

Pidelta (Pty) Ltd has been producing various seed crops for 49 years, so branching out into seed potatoes in 2010 was an easy step to take. We understand the intricacies of being held to high standards when producing good quality seed for distribution to farmers.

Being able to plant early has advantages for us in managing our virus results, as we have burnt off early when the main aphid flights occur. We work very closely with certification officials as we believe in building lasting relationships in our farming business.

Challenges include ever-increasing production costs and measures required to mitigate this. We strive to farm smarter to achieve better results at the end of the day. Our Plennegy Group vision is to feed people, and we subscribe to this wholeheartedly. The future of farming is exciting as the population growth balloons, requiring more food to be produced in smarter ways.

Precision agriculture will become more and more prevalent in our daily lives as we measure to manage our operations. Keeping up with ever-evolving technology in this space is daunting, and we require smart, young agronomists in our sector to take this forward.

Pidelta is committed to growing quality products, and we are very happy with our success in reaching the top ten.

### Tristan Pillay, PCS certification official

Pidelta (Pty) Ltd is an advanced, professional agri-business. It has around 350 employees and in seed potato certification we mostly work with around 100, all of whom work hand in hand with PCS.

The management team is always well prepared and very timely. This makes working with them a pleasure. They are well versed in the rules and regulations that go along with the Scheme, as well as being very meticulous and attentive to the crop. They are not hesitant to



Dean Brown.

contact PCS for assistance when they are unsure of something.

Seed potatoes at Pidelta are produced under rigidly controlled guidelines according to the weather in the KwaZulu-Natal area and sorted with high standards in accordance with the Scheme and Protocol.

### N 163, Ivanhoe Farming Company (Pty) Ltd, KwaZulu-Natal, Jon Perry

Ivanhoe Farming Company (Pty) Ltd was established in 1962 and has expanded over time into three units in Kamberg, Fort Nottingham and Impendle. Our main farming activities are seed potato production, beef, timber and maize.

Ivanhoe focusses on sustainable production of top-quality seed potatoes. We have achieved this by using long rotations and by integrating our beef enterprise with the seed potato enterprise. Having certification staff inspecting every step of our production



Jon Perry.

gives us reassurance and allows us to sell our seed potatoes with confidence. The Scheme enables our customers to buy seed with the knowledge that strict, comprehensive protocols have been followed at every step.

We attribute our success to our long rotations and our attention to detail. Having three units in our seed production enterprise helps to spread risk. We also believe that our sorting system contributes to our quality seed through pre-sorting from the field into one-ton boxes, storing for a month in an ambient store before re-sorting and bagging for inspection, and dispatching to our customers.

We are a proud part of the seed potato industry and are passionate about growing thriving, healthy seed potato crops. We are motivated to fill the need by supplying farmers across Southern Africa with high-quality seed potatoes. The greatest challenge we face is undoubtedly rising input costs. Also, in an ever-changing world with technology always in the foreground, the basic practices of food production are often overlooked.

We look forward with excitement and optimism towards the future of

growing potato seed, and hope that we can rise to meet the challenges the agricultural sector faces. We must encourage young people into farming to be resilient and tenacious, and educate emerging farmers on the basic principles of potato production. The key to successful seed potato production is getting the basics right!

### Johan Germishuys, PCS certification official

Ivanhoe Farming Company, Meshlynne, which forms part of Ivanhoe Farming Company (Pty) Ltd, is a farm run by Jon Perry and Mbongiseni Douglas. It is situated in the picturesque Kamberg Valley in KwaZulu-Natal. This farm strives to produce good-quality seed potatoes through hard and dedicated work.

It is always a pleasure working with Jon and Mbongiseni, to see first-hand how the farm and its day-to-day processes are expertly run. Every aspect of seed potato farming is evaluated and carried out with precision. Working closely with the PCS when either registering a potato crop or carrying out final certification, is always prioritised and organised. It is a hassle-free experience. Congratulations and good luck.

### W 001, Agrivan Farming, Vrystaat, Werner du Plessis

 Agrivan Farming is in die laat 1980's op die plaas Driehoek langs die Vaalrivier in die Wes-Vrystaat gestig. Die moerkwekervertakking het begin met 50 ha aartappels onder besproeiing, en het oor 34 jaar gegroeи tot tussen 650 en 700 ha aartappels per jaar in 'n sewe-jaar rotasiestelsel.

Afhangend van die tyd van die jaar, bied ons werkgeleenthede aan 'n personeelkorps van bykans 650 mense. Dit is vir ons belangrik om die uitbreidings wat oor die jare gedoen is, volhoubaar te bestuur en ons verantwoordelikheid as rentmeesters van die hulpbronne wat aan ons toevertrou is, ten volle na te kom.

Omdat ons totaal geïntegreerde praktyke volg, fokus ons op 'n kombinasie van aspekte. Topgehalte plantmateriaal is vir ons die spilpunt van elke aanplanting en bepaal die potensiaal van die oes. Hier werk ons nou saam met Wesgrow, wat

sterk riglyne en strukture rondom plantmateriaal en bronne in plek het.

'n Goeie plantluisbeheerprogram, die konstante verwydering van virusplante, en korrekte toepassing van beperkings op die aantal groeidae bly 'n wenresep. Uit ervaring beperk ons sewe-jaar rotasiestelsel ook grondgedraagde siektes. Verder bly die korrekte keuse van wisselbougewasse en tydige grondvoorbereiding belangrike faktore vir moerproduksie.

Die Skema skep 'n eenvoudige, dog rigiede stelsel ten opsigte vanveral moerkwaliteit. Die rol van ASD se personeel in boerdery- en verpakkingspraktyke skep vertroue by produsente en verseker 'n gemaklike omgewing. Skema-deursigtigheid skep ook vertroue by ons kliënte en verseker integriteit tussen ons en ons kopers.

Ons holistiese benadering, geen-kortpaaie houding, en ondersteuning deur Wesgrow is die vernaamste faktore vir volhoubare suksesvolle moerproduk-



Werner du Plessis.

sie. Ons bestuurspanlede het elkeen 'n spesifieke funksie en fokus in detail daarop. Moerproduksie geniet eerste prioriteit en geen ander gewas of vertakking sal oorweeg word indien dit moerproduksie op risiko plaas nie.

Ons verskans onsself deurgaans sover as moontlik teen potensiële risiko's deur planne en strukture in plek te kry vir bv. beurtkrag, sonkrag, reserwewater, ensomeer. Hoewel duur, glo ons dat dit

die regte roete en beginsel is om te volg.  
*Rather make less money, than produce a product of lesser value.*

Die grootste uitdaging is om op groot skaal topgehalte moere te bly produseer. Ons streef daarna om vandag nog diezelfde gehalte moere te produseer as destyds op slegs 50 ha. My grootste motivering is ongetwyfeld tevreden kliënte – om altyd jou produk met trots te verkoop en altyd verantwoordelikheid daarvoor te neem, selfs al duik probleme op.

My bestuurspan se persoonlike ontwikkeling en werksukses dien as groot motivering – dit is 'n voorreg om te sien hoe almal elke jaar die groter prentjie beter verstaan en saam nastreef.

Huidige omstandighede wat logistiek en energie betref, is groot uitdagings en meestal buite ons beheer. Ons moet dit op innoverende wyses bestuur. Kostes styg geweldig, maar ons poog steeds om winsgewend moere te produseer sonder om swakker (en dalk goedkoper) praktyke te volg.

Ek sou sê die grootste uitdaging is om 'n effense blik op die toekoms te kry, en jou planne daarvolgens te

maak en wel te implementeer binne die bestaande situasie ten opsigte van infrastruktuur in Suid-Afrika. Ons is steeds positief en bereid om planne te maak, al is die implementering daarvan dikwels moeilik as gevolg van eksterne faktore.

Ons sal wil uitbrei, maar nie ten koste van moergehalte nie. Investering ten opsigte van risiko's wat ons voortbestaan mag bedreig, is ononderhandelbaar. Konstante ontwikkeling van variëteite en die suksesvolle produksie van nuwe kultivars vir spesifieke kliënte is opwindend en noodsaklik. Bestaande praktyke wat werk, bied 'n sterk basis om in veranderende tye steeds vooruitgang te bewerkstellig en geleenthede te benut.

My raad aan jong opkomende boere is om jou met suksesvolle mense te omring. Sorg dat jy die beste denkvennote en tegniese mense tot jou beskikking het. Ek is bevoorreg met 'n vennoot wat vir my 'n ongelooflike mentor is. Vind uit as jy nie seker is nie, vra as jy nie weet nie. Wees bereid om foute te maak en daaruit te leer – 'n duur les is soms die beste les. Vertrou jou instink en dink wyd soos Doe Zantamata: "What you see

depends on how you view the world. To most people, this is just dirt. To a farmer, it is potential".

#### **Jaco Botes, ASD-streeksbestuurder, Christiana**

Agrivan Farming plant jaarliks die meeste hektare geregistreerde aartappelmoere in die land. Hulle besef die waarde van 'n goed-opgeleide suiweringspan en daarom word al die eenhede van opkoms tot datum van afsterwe, deurlopend gesuiwer.

Daar is twee afsonderlike pakstore waar die moere gesorteer word. Albei pakstore het bekwame bestuurders wat besef wat van hulle verwag word. Sertifisering verloop altyd glad met genoeg personeel wat ons bystaan met die uitvoer van knolinspeksies en wanneer landmonsters geneem word.

Wanneer jy die goeie gehalte aartappelmoere sien wat Agrivan Farming lewer met die groot hoeveelheid hektare en heelwat verskillende kultivars wat verbou word, is dit duidelik dat Agrivan Farming verdien om onder die top tien moerkwekers te wees. 

For enquiries about the PCS or the 2022 top ten seed potato growers, contact Sanette Thiart at [sanette@potatocertification.co.za](mailto:sanette@potatocertification.co.za), the PCS at 060 716 2607 or visit [www.potatocertification.co.za](http://www.potatocertification.co.za).